Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Gerrit Coetzee**
Direktoraat: Fisiesehulpbronbeplanning
Gerrit.Coetzee@westerncape.gov.za | 021 467 9261

Lêerno.: 6/1/5
Verwysing: 20230912-7987

Omsendbrief: 0027/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-advies en -koördinering, Distriksamptenare, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare skole

Kort opsomming: *Verlof aan skole om ooreenkomste met die OVK aan te gaan om skole wat op staatseiendom geleë is gedurende die nasionale en plaaslike regeringsverkiesings te gebruik.*

**Onderwerp: Verlof aan die OVK om skole op staatseiendom gedurende die nasionale en plaaslike regeringsverkiesings te gebruik**

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle skole van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wat op staatseiendom geleë is en staatsgeboue okkupeer, in te lig oor die verpligtinge van beheerliggame betreffende artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), veral wat betref die gebruik van skoolgeboue deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) gedurende nasionale en plaaslike regeringsverkiesings.

2. Artikel 36(4)(*a*) van die SASW verklaar dat 'n beheerliggaam, met die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad, —

   (i) vaste eiendom van die skool mag uithuur, beswaar, omskep of verander om vir skoolaktiwiteite voorsiening te maak of om die skoolfonds van daardie skool aan te vul; en
   (ii) enige persoon mag toelaat om enige besigheid op die skooleiendom te doen om die skoolfonds aan te vul.

3. Ter ondersteuning van demokrasie laat die WKOD die gebruik van openbare skoolgeboue deur die OVK gedurende nasionale en plaaslike regeringsverkiesings toe, op voorwaarde dat OVK-aktiwiteite op 'n ordelike wyse geskied en geen koste-implikasies vir die WKOD of ons skole inhou nie.

4. Die OVK moet verantwoordelikheid aanvaar vir die reiniging van al die oppervlakke wat gebruik gaan word voordat leerders terugkeer skool toe.

5. Beheerliggame word toegelaat om ooreenkomste vir die gebruik van openbare skoolgeboue gedurende die nasionale en plaaslike regeringsverkiesings met die OVK aan te gaan.

6. Die WKOD wens alle skole sukses met hierdie onderneming toe, indien hulle kies om hul skoolgeboue vir hierdie doel beskikbaar te stel.

**GETEKEN:** D MAYNIER
**MINISTER VAN ONDERWYS, WES-KAAP**
**DATUM:** 2023-09-29